SAKE 24 (Volksblad)
07 Sep 2011, p.15

# Nuwe webwerf sal navrae oor boedels, trusts vergemaklik

Die proses om boedels af te handel gaan makliker gemaak word deur die gebruik van 'n webwerf.

Adv. Lester Basson, hoofmeester van die hooggeregshof, het gister aangekondig dat eksekuteurs van boedels en lede van die publiek nou 'n webwerf kan gebruik om vas te stel hoe ver die administrasie van trusts en boedels gevorder het.

Dié diens is van gister af beskikbaar en bied toegang tot die geïntegreerde bestuurstelsel van die meesterskantoor. Die stelsel sal elke dag bygewerk word.

Basson het op 'n vergadering van die fidusiêre instituut van Suid-Afrika gesê personeel van die meesterskantoor bestee heeltemal te veel tyd aan navrae oor boedels, wat die afhandeling daarvan vertraag.

Die kantoor beoog om binnekort meer inligting op die webwerf te plaas, soos die besonderhede van die eksekuteur en rekeninge wat teen die boedel ingedien is.

Die stelsel is ontwikkel deur mnr. Tienie Cronje, 'n navorser by die Regshervormingskommissie.

Die webwerf is by https://icmsweb.justice.gov.za/mastersinformation. – **Adri van Zyl**